AP

# Geskrewe verslag: Maatskappye

50 punte

’n Groep vriende wil ’n maatskappy begin. Hul verstaan nie al die dokumentasie en rekeningkundige vereistes om die onderneming te begin nie. Hul nader jou om raad.

## Gevra

Jy moet aan die groep vriende ’n geskrewe verslag lewer oor die volgende:

1 ’n Kort inleiding oor maatskappye. Hier kan jy die verskille tussen ’n privaat en ’n publieke maatskappy aantoon.

2 Registrasie van die maatskappy. Dokumente benodig om die maatskappy te registreer.
- Aan wie moet die dokumente gestuur word?
- Kennisgewing van inlywing
- Akte van Oprigting

3 Ander prosedures:
- Open ’n bankrekening.
- Registreer by SAID vir Inkomstebelasting, BTW en Werknemersbelasting (LBS en SIBW), WVF en VOH.
- Registreer by die Department van Arbeid vir WVF.
- Registreer by ’n SETA
- Registreer by die Kommissaris volgens die Vergoeding vir Beroepsbeserings en- Siektes Wet (COIDA)

4 Verduidelik die volgende konsepte en die rekeningkundige prosedure (toon die debiet- en kredietinskrywings met T-rekeninge, waar toepaslik, vir die volgende:
- IFRS en AARP
- Aandele, aandeelhouers, JSB, gemagtigde aandelekapitaal en uitgereikte aandelekapitaal. Verduidelik hoofsaaklik gewone aandele, maar jy moet ook alle ander tipes aandele in ’n maatskappy noem.
- Beperkte aanspreeklikheid en skeiding van eienaarskap en beheer.
- Verdienste van ’n maatskappy en dividende op gewone aandelekapitaal.
- Inkomstebelasting en voorlopige inkomstebelasting.
- Behoue inkomste.
- Direkteure en ouditeure. Die gewysigde Maatskappywet spesifiseer regulasies wat die volgende bevat:
  - Aanstel en verwydering van Direkteure.
  - Pligte en verpligtinge van Direkteure.
  - Interne beheer, rekeninge en oudits.
  - Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid.
  - Etiese oorwegings met betrekking tot die King Etiekkode.

Vors die bostaande na en verduidelik kortliks die belangrike aspekte in jou geskrewe verslag.

5 Sluit jou verslag af deur te verwys na die voordele om ’n maatskappy te begin.

Let wel: Die vereiste inligting kan verkry word vanuit jou Leerdersboek, koerante of tydskrifartikels, vanaf ’n bestaande maatskappy, of die Internet. Jy kan die volgende webtuistes ook besoek: www.saica.co.za, www.doingbusiness.org, www.acts.co.za, www.cipc.co.za

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.